

BOEKE WAT SKRYWERS LAAT SKRYF

DEUR JEREMY VEAREY



Ek dink dat my skryfgier absoluut niks met my eerste leeservarings te doen gehad het nie. Dit juis omdat boeke soos Leon Rousseau se *Fritz Deelman en die swart eiland* en Topsy Smith se *Trompie die held* net so min tot my lewenswêreld op die Kaapse Vlakte gespreek het as Ian Fleming se James Bond-reeks of Louis L'Amour se Sackett-reeks, my ouer neefs en ooms se *hand-me-downs*.

Miskien was my ma se sensuur hier meer aktief as eie keuse. Dit was immers sy wat my op 13-jarige ouderdom met 'n L'Amour-boek betrap het en my daarna Dee Brown se *Bury My Heart at Wounded Knee: An Indian History of the American West* gevoer het. Dit het my so wreed ontugter dat ek liever L'Amour- en Zane Grey-westerns oor naweke in die geheim by my neefs in Tiervlei sou lees.

Dis eers in die vroeë negentigs dat ek met 'n oop gemoed 'n "western"-skrywer kon lees wat seker Ma se goedkeuring sou wegdra. En dit somer *All the Pretty Horses*, *Cities of the Plain*, *The Crossing* en *Blood Meridian* van Cormac McCarthy gulsig ná mekaar. Sy unieke skryf van dialoog sonder aanhalingstekens en vernuftige gebruik van twee- en driewoordsinne was verfrissend onkonvensioneel.

Maar dit was veral die uitmergelende gestrooptheid van sy skroomlose, maar wel liriese prosa, veral wanneer hy die laakbare geweld van die cowboys teenoor ander klinies verbeeld, wat my beïndruk het. Soveel so dat ek sy tegniek probeer naboots het met die beskrywing van soortgelyke bendegegeweld in my outobiografie, *Jeremy vannie Elsie*s.

Radikale bloeityd

My verhouding met Afrikaanse lektuur, wat my meteens radikaal begeester en, met nawete, seker toe al die skryfsaad in my gesaai het, het eers by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) in 1982 begin ontkiem. Dit was die bloeityd vir Afrikaans as strydtaal, van studenteverset op kampus tot in die ANC-gesinde Elsie's River Youth Movement en vryheidsteologieleer van die Morawiese Jeugvereniging van Suid-Afrika, waarvan ek toe lid was. In geheime leserskringe was die Kommunismemanifes se 1937-vertaling deur Van der Poel, Malan en Malan al sedert my matriekjare beskikbaar, maar die taalgebruik gans te formeel vir propagandadoeleindes of slagspreuke. Daar

moes Afrikaanse woorde en konsepte vir hierdie nuwe taalbeweging geskep word.

Dit was my huisvriend, medestryder en oud-Afrikaans-Nederlands-student aan die UWK Bennie Windvogel, wat in 1982 twee boeke in my hand gestop het wat, met nawete, my skryflote gewater het.

Eers het Karel Schoeman se historiese roman *By fakkellig* my heel politiek onkant gevang met sy karaktergedrewe vertelling van die Ierse rebellie van 1798 se mensonterende gevolge vir gewone mense vasgevang in daardie sleurstream. In 'n revolusionêre klimaat van kliniese intellektualiteit het dit my geleer dat die stryd wel menslik gestorie kan word.

Die tweede boek was N.P. van Wyk Louw se *Raka*. Dit was veels te metafisies obskuur na my wense en ek was ongemaklik oor wat ek aanvanklik gedink het, was 'n koloniale karikatuur van 'n Afrikaan as ondier – “die aap-mens, hy wat nie kan dink nie, wat swart en donker was ...” – wat beskawing uit blote wellus en gulsigheid wil vernietig.

Nietemin, ek het volhard, want Bennie het seker die een of ander duistere punt gehad. Dis eers toe ek Van Wyk Louw se opstelbundels op kampus lees, veral sy *Lojale verset*, en daarna dit totaal uit konteks radikaal wanaanwend, dat sy woorde en intellektuele redenasie neerslag gevind het. Wat is nie meer profeties en ironies van pas nie in sy woorde vir my tydperk van jeugverset as, “Dit is nie eens gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan”?

In hierdie bloeitijd van radikale Afrikaanse lektuur het skrywers ervaringswêreld oopgeskryf wat vir my ongekend was. André Brink se roman *'n Droë wit seisoen* versterk die ervaring van 'n liberale Afrikaner se noodlottige tog om die dood van 'n swart man in aanhouding te ondersoek. J.C. Steyn se *Dagboek van 'n verraaiër*, oor twee Afrikanerdenkers wat intellektueel oor revolusionêre geweld besin – met onafwendbare tragiese gevolge, bied beredeneerde insig oor Afrikaner- politieke ontugtering in die sewentigerjare.

Ander wêreld

Maar dis nog nie heeltemal die Afrikaans soos verwoord en verbeeld in my lewenswêreld en ideologiese milieu deur swart denkers en skrywers nie. Hier bied Engels as hoofvak my die portaal tot plaaslike skrywers se antikoloniale Afrika-lektuur, soos Alex La Guma se *A Walk in the Night* oor die verval van lewensomstandighede in kleurling- woonbuurte in die eerste dekade van Nasionale Party-bewind.

Hierdie leeservaring word verder verryk deur Ngũgũ wa Thiong'o se *Petals of Blood* en *The Trial of Dedan Kimathi* oor Kenia se vryheidstryd, en Wole Soyinka se *Season of Anomy*

oor neokoloniale korrupsie in Nigerië.

Nuwe baanbrekers

Dit sou my toetred tot die onderwys wees – met die onstuimige aanvang van 1985, die noodtoestand, ontplooiing van die weermag, MK-aktiwiteit en verset om Elsiesrivier onregeerbaar te maak – wat my weer aan Afrikaanse lektuur uit my lewenswêreld blootstel. Vernie February se gedig “Moerstaal” (1979), Peter Snyders se “Of hoe?” (1982) en veral Patrick Petersen se 1985 debuutbundel, *Amandla Ngawethu* in Kaaps, rig my soeke na 'n alternatiewe stryd-Afrikaans van mobiliseringswaarde. Hierdie tog word wreed onderbreek deur my arrestasie in Augustus 1987 en vonnis weens terrorisme wat ek op Robbeneiland uitdien tot my vrylating in Junie 1990.

Ek dink dit was in 1991 dat 'n voormalige onderwyskollega my voorstel aan 'n seminale opstelbundel getiteld *Tree na vryheid: 'n Studie in alternatiewe Afrikaans*, saamgestel deur Randall van den Heever (1987). Dit bevat diverse bydraes deur literêre aktiviste van Jakes Gerwel, Theo du Plessis en Randall tot Brink, Fanie Olivier en Breyten Breytenbach. Dis veral Breytenbach se snepende geskerts oor die taalpuriste se beheptheid met die standaardvariëteit van Afrikaans waarby ek aanklank vind. Soos aangehaal: “Ai, hoe verpes ek daardie deftige Mercedes- of Fakulteits- of Burokratiese of Germaanserige Aferikhans met sy korsette en Tanglippe en Akademies en Hoofkantore! Gee my die lekker bakkem-en-biltong bruin taal, proletêr en mens!”

En dis daardie bakkem-en-biltong taalmilieu wat steeds my Afrikaanse lees- en skryfgier begeester. Dis veral baanbrekers soos Nathan Trantraal se *Wit issie 'n colour nie* (2018) en Hemelbesem se *God praat Afrikaans* (2017) wat die ghetto's van ons komvandaan deerniswaardig oopskryf; ook P.J. Philander se roman *Rebunie* (2005), wat die voorheen ongekende ervaringswêreld van Calvinia se bruin mense in die veertigerjare versterk. Maar die grondstof en tuiniërs van my komvandaan wat my skryflote in *Jeremy vannie Elsie* laat bloei het, wys na ander, ongekende ervaringsruimtes en lewenswêreld wat nog oopgeskryf moet word. En dit is my volgende tog. ♣

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. Met die Boeke wat skrywers laat skryf-rubriekreeks nooi ons vooraanstaande skrywers om te vertel watter boeke hulle geïnspireer en as skrywer gevorm het.

pen
Afrikaans

